Die teken van jare se sukses. Oom Piet Steenkamp by van die rosette wat hy op skoue gewen het

Geheime van 'n ou hand

***deur* Izak Hofmeyr**

Hy mag nou wel al 84 jaar oud wees, maar met perde werk hy nog daagliks. Hy het dit sy hele lewe lank gedoen en hy het geen plan om op te hou nie. Oom Piet Steenkamp van die plaas Witkraal in die Middelposomgewing naby Calvinia, is 'n ou bekende en gedugte teenstander in die skouring. Maar weg van die skouring, op die plaas, word soveel moontlik van die werk ook met perde gedoen.

Hoewel hy met Hackneys grootgeword het, het hy in die laaste tyd van dié ras wegbeweeg. " 'n Hackney is 'n vurige perd en hy raak te vinnig vir 'n ou man soos ek. So ek het 'n keuse tussen die Vlaam en die Fries, en die Fries is vir my die meer besadigde perd. Dit hang natuurlik ook baie af van hoe jy die perd afrig. Jy kry manne wat niks uit 'n perd vra nie – hy bly maar net 'n gewone trekperd. Maar dan is daar darem manne wat 'n perd kan afrig! Hy sit spoed op hom, en aksie. Dis darem maar 'n mooi gesig om te sien, so 'n paar goed afgerigte karperde."

Wees lief vir jou perde

Hoe haal 'n goeie afrigter die beste uit 'n perd? "Eerstens moet jy lief wees vir jou perde en jy moet lekker sagte hande hê. As jy met 'n jong perd in die kar begin en jy maak sy bek seer, verongeluk jy sommer dadelik jou hele toekoms met hom. Leer hom maar eers met 'n mak perd sodat hy selfvertroue kry, voordat jy twee maats saam inspan wat ewe min ondervinding het. En dan moet jyself natuurlik ook selfvertroue hê.

"Ek glo dat 'n paar wat saam ingespan word, ook saam moet leef. Hulle moet mekaar baie goed ken. Maar laat ek jou een ding sê, jy sien nie sommer maklik watter perd by watter een pas nie. As jy vier het, dan neem dit sommer 'n paar maande voordat jy begin sien watter een by watter een gaan pas. Dis hier waar ondervinding inkom. Dit neem baie jare om 'n goeie oog te ontwikkel."

Die Walliese werkers

Afgesien van die swart perde is Oom Piet ook 'n bekende in Walliese Poniegeledere. "Ek het weer met die Walliesers deurmekaar geraak ter wille van my kleinkinders. Voorheen was ek egter 'n Walliese teler. Ek het 15 merries gehad, van die beste bloedlyne in die land. Toe ek egter met die swart perde begin ernstig raak, en die kinders uit die huis is, het ek al die Walliesers verkoop en net op die swart perde gekonsentreer. Dis nou maar vir die kleinkinders dat ek weer ponies gekoop het."

Hierdie Walliesers moet hulle brood op die plaas verdien. Oom Piet het ook 'n span werksperde wat die werk van 'n trekker op die plaas verrig. "As daar sand of klip verskuif moet word, dan span ek hulle in. As dit ploegtyd is, dan span ek die twee werksperde saam met twee van die swart perde in. Ek doen nog al die jare al my werk met die perde."

Die werksperde is nie beslaan nie. Oom Piet glo nie daarin nie. "My werksperde het sterk hoewe en as jy hulle in goeie orde hou, dan is dit nie nodig om te beslaan nie. Ek behandel die hoewe elke tweede dag met ou olie wat baie help om die hoewe in 'n goeie toestand te hou. Sulke harde hoewe aan 'n perd is 'n groot bate."

Wye draaie

Toe oom Piet begin boer het, beide hier en in die Namakwaland, het hulle nog met donkies en muile gewerk. Toe hy die Walliese Ponies gekry het, het hy agt Walliesers in die wa gespan om al die plaaswerk te doen. Toe die Walliesers egter van die plaas af is, het oom Piet homself voorgeneem om agt swart perde voor die wa te span. Dit het hy op sy spesiale oefenbaan op die plaas geoefen en meer as een toeskouer na sy asem laat snak as hy wye draaie met die span op die skoubaan gemaak het.

'n Ander manier waarvoor oom Piet ook bekend is, is om perde in tandem in te span.

Vervolg op bladsy 55

Die Kaapse boerperdreun, Tomahawk, in aksie voor die karretjie. Tom is ook 'n voorslag onder die saal

Twee van die Friesmerries wat tans deur Oom Piet afgerig word

Oom Piet is bekend op die skoubaan vir sy netheid en presiesheid. Hier staan hy saam met Job Steenkamp van Victoria-Wes in sy tuiekamer

Vervolg op bladsy 53

Dit, sê hy, is nie so maklik nie. Die geheim lê daarin dat voor jy begin, jy reeds die regte leisellengte in jou hand het. En daardie leisels los jy nie vir dood nie.

"As jy mooi netjies tandem wil ry, dan is die groot geheim dat jou perde netjies agter mekaar moet wees en die stringe moet styf wees. As jy draai, moet jy sorg dat jou agterperd eers draai op die punt wat die voorperd begin draai het."

Gesond vir skou

Hy glo daarin om sy perde teen November of Desember teen perdesiekte te spuit. Dan is die skoue vir die jaar verby. "Hier in ons wêreld het ons egter 'n probleem om 'n veearts te kry om te kom spuit sodat ons perde se paspoorte geldig kan wees om in die Wes-Kaap te gaan skou. Ons moes nou 'n man uit die Kaap kry om te kom spuit, en dit kos sommer 'n groot klomp geld."

Teen Februarie begin die eerste skou al weer. "My skouperde staan op stal en ek gee hulle gemaalde lusern as hooi. My kragvoer is 'n mengsel van drie sakke hawer, 'n sak semels en 'n halwe sak mieliemeel. Dit kry hulle dan drie keer per dag, omtrent so 2 kg per maaltyd. As ek hawerkaf in die hande kry, dan voer ek dit ook as hooi by in die middae."

Toe hy 79 was, het hy 'n hartomleiding gehad, en drie maande later was hy weer leisels in die hand op Tulbagh se skou. "Daardie tyd direk na die operasie mag ek glad nie bestuur het nie, so ek het vroeg soggens met 'n sak kos hier afgestap na my oefenbaan, so 2 km hiervandaan. Daar het ek vir my 'n lapa gebou en vir my ingerig met radio en al.

"Terwyl ek dan in die lapa wag, dan span die manne die perde in. As hulle reg is vir my, dan oefen ons al die items. Voormiddag ry ons dubbeltuig, en namiddag oefen ons enkeltuig. So het ek vir daardie skou geoefen. Hulle het my met 'n bakkie hier kom haal skou toe en daar het ek net agter die leisels ingeklim – alleen, soos ek al die jare die vier perde op my eie hanteer het." **SAH**